

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Januarie 2010 **Nommer 85**

INHOUDS OPGAWE

- Nuwe jaar – nuwe dinge** ...1
- Gehoorsaam in die wêreld** ...2
- Geloofsopvoeding en die Kinderbybel** ...4
- Die verwerdliking en ons gebede** ...6

Nuwe jaar – nuwe dinge

Die HERE gee wonderlike geleenthede. As ons terugkyk op die afgelope jaar, dan kan ons net in verwondering staan. Dit is duidelik dat Vox Viva steeds meer mense mag bereik. Die afgelope jaar het ons lesersgetalle verdriedubbel. En van orals kry ons baie mooi terugvoer oor wat hierdie eenvoudige instrument vir mense beteken.

Ons hoop om hierdie werk in die komende jaar voort te sit. En uit te bou. Een van die nuwe dinge wat ons graag wil inbring, is om die blad nou elke twee weke te laat uitkom. 'n Bietjie dunner – maar meer gereeld. Ons dink dat dit kan help om die artikels beter te “verteer”.

Soos u miskien gesien het, was die afgelope jaar se artikels baie gerig op die geloofsleer en die lewe binne die kerk van die HERE. Ons wil ook hierop voortbou met artikels wat meer gerig is op die geloofslewe, die sogenaamde “aktuele” onderwerpe. In hierdie verband kan u ons gerus laat weet as daar iets is waaroor u graag meer leiding sou wou ontvang.

Verder wil ons u hier ook graag laat weet dat ons die naam van die Gereformeerde Biblioteek verander het na die Christelike Biblioteek. Hiermee het niks aan die inhoud van die webwerf verander nie. Ons hoop om so sterker in die samelewing te kan funksioneer *deur te wys wat dit beteken dat mense hulself christen noem*, van watter rigting of kerkgenootskap hulle ook kom. Ons bede is dat die gereformeerde rykdom ver en wyd versprei mag word, en dat ons dit ook steeds beter sal verwoord, sodat ander jaloers sal wees op dit wat God deur sy Woord aan ons geopenbaar het.

Ons sien uit na 'n nuwe jaar onder die leidende hand van onse God.

Gehoorsaam in die wêreld

P Niemeijer

Gehoorsaamheid teenoor die Here is nie slegs 'n saak van die uiterlike nie. Dit is iets anders as die onderhouding van 'n uiterlike groepskode. Werklik gehoorsaam wees kan nie sonder 'n hartlike vertroue op die Here nie. En dit kan ook nooit gehoorsaamheid wees as dit nie voortkom uit, en nie gevul is met liefde tot die Here en ons naaste, nie.

Lyding

Gehoorsaamheid is ook nie maar net 'n saak van innerlikheid nie. So asof ons in ons privaat lewe (buite werkstye en binne die mure van huis en kerk) baie noukeurig sou leef, maar in die samelewing pas ons onself soos 'n verkleurmannetjie aan by die mense om ons heen, by hulle gedrag en by hulle lewensinvulling.

In die Skrif beteken gehoorsaam wees dat jy kant kies. Bewus, duidelik en publiek

In die Skrif beteken gehoorsaam wees dat jy kant kies. Bewus, duidelik en publiek. Jy het die moed om anders te wees en uit jou dop te kruip (vgl. Hand 11:26). Daarom roep Christelike gehoorsaamheid altyd 'n reaksie van die omgewing op. Soms positief: mense sien jou goeie werke en word nuuskierig; jy kry geleentheid om verantwoording af te lê van die hoop wat in jou is, en jy bely die Vader en die Seun. Maar dikwels is die reaksie ook negatief. Want vanaf die moederbelofte het God vyandskap gestel tussen die saad van die slang en die van die vrou. En in die tent van Abraham het die een wat na die vlees verwek is, die een wat na die gees verwek is, alreeds vervolgt. In die wêreld ly die kerk verdrukking en word daar kwaad van haar gespreek en haar lewensstyl is 'onderdrukkend', 'krimineel' en 'onverdraagsaam' (vgl. 1 Pet 2:12; 3:16). 'n Christen is nie wêreldvreemd nie. Maar wel vreemdeling.

In die Skrif gaan gehoorsaamheid gepaard met lyding. Opvallend is dat ons by lyding dikwels in die eerste plek dink aan siekte en moeite, aan pyn en teenslae. Maar in die Skrif gaan dit heel dikwels oor lyding wat jy moet meemaak, omdat jy die Here gehoorsaam wil wees. Lyding om Christus wil.

Ek het die indruk dat daardie kerkgroepe wat so sterk op ervaring fokus, hierdie dinge sterker ondervind as ons. Is dit omdat ons onself meer aanpas en meer bedag is op hoe ons 'oorkom'? Ons is dikwels bly as ons omgewing konstateer dat gereformeerdes sulke gewone mense is, wat gerus 'n film mag kyk, grimering mag gebruik, jeans mag dra en regtig nie altyd geestelike liedere loop en fluit nie. Ek besef baie goed dat die geloof nie slegs iets uiterliks is nie, en dat geloof nie 'n vroomheidsskou is nie. Maar die slegte reaksies wat hierdie ander christene dikwels kry – kry hulle dit werklik omdat hulle 'oorgeestelik' is? Of het die feit dat ons dit minder ondervind, ook te make met 'n minder herkenbare en 'n minder "anders-wees" as die wêreld? Gooi ons te veel water in die egte Christelike wyn en durf ons onself nog onderskei van die wêreld?

Wat ek eintlik maar wil sê, is: gehoorsaamheid is nie iets wat binne die mure van die huiskamer en kerksaal opgesluit is nie. Dit is nie 'n houding wat na binne gekeer is nie. Dit is iets wat midde in die samelewing in praktyk gebring word. Dit is iets wat opval en reaksie oproep by hulle wat buite is. Gehoorsaam wees en vrymoedig in die wêreld staan, het alles met mekaar te doen.

Verdriet

Wie gehoorsaam wil leef, sal nie alleen moeite van die wêreld se kant ondervind nie. Hulle sal ook pyn oor die wêreld ondervind. Wie bely dat die Here deur alle mense geëerbiedig en gehoorsaam moet word, sal verdriet ken oor alle sonde en afvalligheid in die wêreld. 'Maar die wat nie meer na u reëls luister, al die verdwaaldes, al die goddelose – o Here, ek is bedroef, ek is stukkend oor 'n wêreld wat in die bose lê'.

Dit is 'n deel van die lyding en verdriet wat die kerk van vandag moet dra.

Die meerderheid van christene dink nie verder as hulle eie graf nie

- A Kuyper

Ons word nie bedreig om in vryheid te vergader en ook word ons gewetens nie gebind nie. Ons word nie oor ons geloof opgesluit of gemartel nie. Maar ons regverdige siele word dag na dag gekwel deurdat ons al die werke sien en hoor wat teen God se wet ingaan. Ons liggaam bly ongeskonde. Maar ons gewete word voortdurend blootgestel aan onsuier invloede, en dit ondermyn dikwels ons besef van wat goed en kwaad is.

In elke tyd het die kerk haar eie moeites en opdragte. Ek dink dat een ons grootste opdragte vir 1994 is om in 'n samelewing, waarin ons omring word deur sonde, nie daaraan gewoon te raak nie, maar hartseer daarvoor te wees, en steeds 'n opregte verontwaardiging te bly voel. Ons kan nie onself uit hierdie wêreld terugtrek nie. Met die opbrengs van ons toegangskaartjies word ook sondige praktyke gefinansier. Van ons belastinggeld word ook goddelose kultuur gesubsidieer. Dit kan mens nie voorkom nie. Maar nou moet ons oppas dat ons, as kerke, dit nie as verskoning gebruik om die drumpel na die sonde laer te maak nie ('n mens kan mos nie uit die wêreld weggaan nie!), maar om dit steeds as pyn te bly voel.

Wie gehoorsaam is, sluit nie sy oë vir die wêreld nie. 'n Christen staan met oop oë in die samelewing. Hy sien skerp die ontwriging en die verskeurdheid wat die sonde teweeg gebring het. Hy het verdriet daarvoor. Dit sny in sy siel. En hy weet dat hy self ook verantwoordelik is vir die ontwriging en ontaarding van die wêreld.

Ons sien vandag baie dinge verkeerd loop en ontspoor. Ons het 'n oog vir die gebrokenheid van hierdie wêreld. Maar hoe reageer ons daarop? Deur te sê dat jy allerlei dinge nie so ernstig moet opneem, omdat jy dan geen lewe het nie? Of hou ons vol dat die val in sonde inderdaad geen lewe is nie? Werk en versterk die gelowige sig op die gebrokenheid ons verlange na God se nuwe wêreld? Sny dit deur ons siel dat die Here brutaal teengestaan word? Laat die besef van ons verdorwenheid ons sug van verlange om uit die liggaam, wat in die mag van die dood is, verlos te word? Maak dit ons bewoë oor al die mense wat verstriek is in die ryk van duisternis?

Werfkrag

Gehoorsaam wees aan die Here het niks te make met jouself afsluit van die wereld daarbuite nie. Intendeel. Lewe uit en na die Woord van God het werfkrag. Dit is 'n lewe waarin die lig van God se Woord skyn en waardeur jy jou naaste bring tot verheerliking van God. Nie van 'n slap kompromishouding of opportunistiese opstelling nie, maar van ons godvresende wandel word gesê dat dit ons naaste vir Christus wen. Wie die Woord van die lewe vashou, skyn soos 'n blinkende ster in die wêreld. Wie hom of –haarself nie wil onderskei, wie nie anders wil wees (Ef. 4:20) of meer wil doen as normaalweg nie (Matt 5:47), daardie persoon skakel die lig in ons samelewing af.

Nie van 'n slap kompromishouding of opportunistiese opstelling nie, maar van ons godvresende wandel word gesê dat dit ons naaste vir Christus wen.

Die Here verwag van ons 'n deursigtige lewensstyl as leesbare briewe van Christus. Dit is ons, as ons Hom gehoorsaam 'sonder om te kla' en 'sonder teespraak' (Fil 2:14). As ons God se bevel elke keer ontvang met 'n 'ja maar...' of 'net as...' , en as ons voortdurend eers moet nadink of die Here ons wel voldoende oortuig het en perspektief bied, dan doen ons afbreuk aan ons boodskap na buite. Moet ons naaste in 'n God glo wat ons self voortdurend moet bevraagteken?! Ons kan alleen oortuig as ons laat sien dat ons die Here op sy Woord vertrou en so sonder teespraak doen wat Hy gebied.

**Christenskap is hoop - dit kyk vorentoe
en beweeg vorentoe**

Geloofsopvoeding en die kinderbybel

JJD Baas

“Kom sit lekker op my skoot, Ruben. Dan lees ek ’n mooi storie vir jou.” Ma vat die kinderbybel. Sy lê hom oop op die tafel. Daar is ’n pragtige prent in van die Vader wat op die uitkyk staan. In die verte kom ’n hawelose man aan. Die verlore seun! Hy kom terug na sy Vader. Jy kan aan die gesig van die vader sien dat hy ontsettend bly is. Ruben suig op sy duim en luister dromerig na die storie wat sy ma voorlees. Dit is half een. Al die ander gesinslede is by die skool of by die werk en Ruben se jonger sussie lê in die bed. ’n Heerlike rustige oomblik vir Ruben en sy ma. ’n Pragtige geleentheid vir geloofsopvoeding.

Warmte

Wie kan nie daardie heerlike oomblikke onthou nie? Lekker by pa of ma sit en luister na die pragtigste verhale. Heerlike tye vol warmte en liefde. Jy onthou nog presies hoe die kinderbybel gelyk het, insluitend die pragtige tekeninge van esus. Vir ’n peuter en ’n kleuter bestaan slegs dit wat hy kan sien. Dit beteken in hierdie geval dat die ervaring wat Ruben opdoen, belangriker is as die verhaal self. Dit gaan oor God, en terselfdertyd is die sfeer mooi, warm en liefdevol. Dit spreek in hierdie oomblikke die meeste. Vir Ruben beteken dit op hierdie leeftyd: by geloof, by God, hoort liefde, rustigheid en warmte. Ruben ervaar en leer daardeur: by God is ek veilig, Hy hou van my. Dat die geweldige liefde en genade van God die Vader ook uit die storie na vore kom, gaan op hierdie oomblik nog grotendeels aan hom verby.

Saam met jou verhaal glo jou kind onvoorwaardelik in God. Daar is opregte totale oorgawe

’n Tweede belangrike element is die mooi prent in die kinderbybel. Pragtige gesigsuitdrukings, pragtige kleure. Ook dit sal Ruben baie aanspreek. Daarvan vertel ma vir Ruben baie dinge, terwyl sy hom dit laat aanwys. En sy vra hom: Wat dink jy,

hoe kyk die vader? Kwaad of bly?

Veiligheid

Ruben wil ook graag dat sy ma dieselfde storie die volgende dag weer lees. En die dag daarna weer. Dit beteken die storie bied hom ’n stukkie veiligheid. Hy weet al hoe dit eindig. Dit beteken minder spanning. Ruben kan ook eindeloos na dieselfde prentjie bly kyk en dikwels dieselfde vrae daarvoor vra. Na ’n paar keer vertel hy self wat jy verduidelik het. Saam met jou verhaal glo jou kind onvoorwaardelik in God. Daar is opregte totale oorgawe. Daar is geen twyfel.

Meer diepgang

Dit is heel anders as jy na Wilma kyk. Sy is tien jaar oud. As jy vir haar uit die kinderbybel lees, vra sy duisende vrae. Hoe kan daar ’n pad deur die water wees? Swem die visse dan teen ’n rand vas? Het daar niks water op die Israëliete gespat nie? Wilma is op ’n leeftyd waar sy wil weet hoe dinge in mekaar pas, hoe dit werk en hoe dit presies verloop het. Sy glo ook vas in God, maar sy het wel haar vrae. Intussen het die sonde- en skuldbesef goed by haar ontwikkel. Wil God my regtig hê? Ek doen so dikwels verkeerd, is ek nie te sondig nie? Die vrae begin nou by haar opkom. Vir haar is verhale oor vergewing nou baie gepas. In die evangelies is daar genoeg voorbeelde. Wilma wil nou weet wat het die een storie met die ander te doen. Ruben leer deur die stories vertrou en bou feitekennis op. Op Wilma se leeftyd is daar meer behoefte aan verbande tussen Bybelse gebeurtenisse.

Kinderbybelkennis

Kinderbybels het ’n groot invloed op baie mense. So byvoorbeeld het baie mense ’n spesifieke beeld van sommige Bybelse gebeurtenisse, wat slegs gebaseer is op die fantasie van die verteller. Maar as jy die werklike teks in die Bybel lees, vra jy jouself af waar dit dan geskryf staan! Hoe baie verkeerde romantiek is daar byvoorbeeld rondom die kersverhale. Vir sommige mense kom die beeld dat Jesus in ’n stal gebore is, uit die kinderbybel.

**Woede moet nie vernietig word nie,
maar geheilig word**

- W Jenkyn

Maar waar kom die skrywers daaraan? Die feit dat die Kind in 'n krip neergelê is, staan slegs in Lukas 2. Hierdie feit sou daarop kon wys. Die woord stal word nie genoem nie. Dit gaan klaarblyklik meer oor die krip. Want dit is ook die teken wat die herders van die engele gekry het. Dit moet dus iets besonders wees: 'n Kind lê in 'n krip. Nie dat die storie oor 'n stal verkeerd is nie, maar u sien dat dit goed is om te besef dat 'n verteller interpreteer, invul. Dit vra altyd van die leser: bly krities, gebruik die Bybelteks. As ouer is jy in die meeste gevalle al 'n meer geoefende Bybelleser. Dit kan verrykend wees as jy reëlmatig vooraf 'n storie eers noukeurig uit jou eie Bybel lees. Terwyl jy jouself daarby afvra: Wat sou die Here God ons met hierdie verhaal wil sê? As jy vervolgens die Bybelgedeelte langs die storie uit die kinderbybel lê, kan dit soms verrassende dinge oplewer. Dit kos tyd, maar jy word beslis nie geestelik armer hierdeur nie!

Bybelgetrou

Hoe kan jy weet of 'n kinderbybel die Bybel getrou navertel, sonder om dit halfpad in die deurwerking van die kinderbybel eers agter te kom? In elke kinderbybel staan 'n woord vooraf. Dit kan jou 'n goeie idee gee van die visie en die bedoeling van die skrywer(s). Verder kan jy dit gou opmerk as jy in die boekwinkel hier en daar 'n stukkie lees, veral die kritiese punte: skepping, deurtog deur die Skelfsee, wonders van Jesus, die opstanding.

Leeftyd

Soos uit bostaande voorbeeld van Ruben en Wilma blyk, maak dit 'n verskil of die Bybel vir jonger of ouer kinders bestem is. Dit geld vir die taalgebruik, maar ook vir die keuse van die verhale. Nie elke Bybelverhaal is geskik vir kleuters nie. Spesifiek omdat hulle nog sukkel om tussen fantasie en werklikheid te onderskei. Bowendien het hulle geen idee van tyd en afstand nie. Hoe ver weg is vroeër? Byvoorbeeld die verhaal oor die verderf-engel wat die eersgeborenes in Egipte dood gemaak het: Kan dit vanaand by ons ook gebeur?

Godsbeeld

Tydens die deurblaai in die boekwinkel kan jy terselfdertyd ook na die Godsbeeld kyk. Hoe word daar oor die Here God gepraat? Of word Hy nie in beeld gebring nie? 'n Aantal kinderbybels beskryf naamlik die mense van die Bybel en hoe hulle dinge beleef lewenseg, maar die Here God bly heeltemal buite beeld. Hulle vertel byvoorbeeld wel van die moeite van die swangerskap van Maria, maar van Wie die kind was wat sy in haar moederskoot mog gedra het, en later: dat dit die Redder van die wêreld is, dit word nie genoem. Moderne Bybelverlaarders wil dikwels die wonder weg-verklaar, omdat hulle dit nie verstandelik kan verklaar nie. Maar dit is hoekom dit 'n wonder was! Dit maak sulke skrywers se kinderbybels tot oulike storieboeke en niks meer nie.

U sien dat dit goed is om te besef dat 'n verteller interpreteer, invul. Dit vra altyd van die leser: bly krities, gebruik die Bybelteks

Vertelling

Verder kan 'n mens kyk na hoe die verhaal opgebou is. Is dit spannend, is dit feitlik, is dit erg geromantiseer? Word daar baie moraliserende opmerkings gemaak? Af en toe is aanvaarbaar, maar as dit by omtrent elke verhaal die geval is, is dit irriterend. Word daar ook spieëlverhale gebruik? Hoe word dit gebruik en hoe gaan die skrywer daarmee om?

Die taalgebruik verskil ook van kinderbybel tot kinderbybel. Soms word 'n woordeskat gebruik wat alle eerbied laat wegval. Aan die ander kant is dit belangrik dat die taalgebruik nie te ver van kinders af staan nie. Is daar baie moeilike woorde? Wat van die standaardbegrippe soos sonde en genade en geregtigheid? Die begrippe is nie alleen moeilik vir kinders nie, maar vir baie kinders ook te abstrak. Dan sal 'n groot deel van die verhaal deur die gebruik van hierdie woorde, hulle ontgaan. Belangrik vir 'n kinderbybel is dat die sinne kort is. Dat die storie in die teenwoordige tyd geskryf is en dat daar nie moeilike woorde gebruik word nie.

**Ons veroordeel nie 'n goeie versorging nie,
maar ons verlang na 'n matigheid wat nader is
aan onthouding as aan luuksheid**

- J Calvin

Visie en lyn

Tenslotte sou u nog kon kyk na die lyn en die visie wat in die kinderbybel gebruik word. Hoe word daar omgegaan met die skepping en die sondeval? Hoe word reg gedoen aan die heilsfeite? Het die wederkoms 'n plek gekry? Hoe word daar gepraat oor die herstel van alle dinge? Is Jesus iemand wat net groot wonders doen of die Verlosser wat sou kom? Word daar – spesifiek in die kinderbybel vir ouer kinders – ook aandag gegee aan die lyn van die Bybel? Hoe die Here God deur die geskiedenis heen werk. Kry die kinders wat die behoefte het aan meer, ook agtergrondinligting?

Tenslotte

Die keuse het nie makliker geword met so baie kinderbybels en boekies met Bybelstories op die mark nie. Aan die ander kant is daar tans pragtige kinderbybels verkrygbaar.

'n Nadeel van elke kinderbybel is dat dit verhale bevat wat navertel is. Dit is verhale wat ook 'n stukkie van die belewenis van die skrywer bevat. Daarmee moet jy tydens die voorlees altyd rekening hou. Dalk kan jy langs jou kinderbybel jou gewone Bybel oop laat lê by dieselfde verhaal. Wat natuurlik die mooiste is, is om aan jou kind 'n storie te vertel waar jy self vol van is... Ook al sou jy dit eers net een maal per week doen, dit is regtig die moeite werd om te probeer!

Die verwereldliking en ons gebede

M te Velde

Hoe staan die sake rondom ons gesamentlike gebede in die 'huislike erediens'? In baie gesinne word by elke maaltyd gebid. Meestal doen pa of ma dit hardop. Wat en hoe word daar gebid? Alle aanduidings is daar om te veronderstel dat die tafelgebed in 'n groot aantal gesinne meestal uit vaste en steeds dieselfde woorde bestaan, al is dit deur middel van 'n 'formuliergebed' of nie.

Met gebruikmaking van sulke vaste bewoording word daar ongetwyfeld dikwels hartlik en opreg gebid! Tot sover hoef ons seker niks negatiefs hieroor te se nie. Maar tog loop 'n mens daarmee wel 'n bepaalde risiko, wat ons in verband kan bring met die verwereldliking (sekularisasie). *Die gevaar is dat 'n gebed met vaste en steeds dieselfde woorde en terme en onderwerpe ver weg staan van 'n groot deel van ons en ons kinders se daaglikse leefwêreld.*

Die gevaar is dat 'n gebed met vaste en steeds dieselfde woorde en terme en onderwerpe ver weg staan van 'n groot deel van ons en ons kinders se daaglikse leefwêreld.

Ek is bang dat in heelwat gesinne die gewone lewe, die daaglikse gebeure en die eie ervarings nie in die gebed terug te vinde is nie. Dogter Ellen is vanmiddag, oppad huistoe met die fiets, amper deur 'n motor raakgery. Alles het gelukkig goed afgeloop! Dank ons dan saam hiervoor in ons gebed? Dogter Marieke skryf vandag 'n moeilike eksamen en is baie gespanne daarvoor. Bid ons vir haar om kalmte en 'n goeie uitslag? Dit is moedersdag. Dank ons die Here vir die seen wat Hy in ons eie vrou en ma gee en vra ons Hom om haar krag te gee?

En so kan ons nog baie dinge opnoem: 'n aangrypende berig oor die ellende in Bosnië-Herzegovina, 'n aaklige stryery tussen twee van ons kinders net voor die ete, die jeugvereniging waar

Hulle wat die Ou Testament dood verklaar, verklaar die Christus van die evangelie dood.

- G Goldsworthy

ons kinders vanaand heengaan, 'n bespreking aan die etenstafel oor 'n popgroep of oor die kyk van 'n sekere televisieprogram, ens.

Gelukkig is daar ouers wat naas die vaste formulering (van die gebed) tog ook by verskillende geleenthede eie woorde kan kies. Dan word op 'n heel besondere manier die persoonlike en lewende godsvrug hoorbaar. *Laat hulle beseef dat dit groot waarde het in die stryd teen die verwereldliking!*

Want die kern van verwereldliking (sekularisasie) is tog dit – dat God afwesig is in die lewe van die moderne mens. Wanneer ons gewone lewe ('n ongeluk, 'n eksamen, 'n berig, 'n verjaarsdag) afwesig is in ons gebede aan tafel, d.w.s in ons omgang met God, dan maak ons die poort vir sekularisasie oop. Die aanhoor van gebede word 'n sleur. Ons spreek ons formules nog wel uit, maar dit ontgaan ons kinders watter verhouding die gebed met die werklikheid het. Die gebed kan so maklik 'n soort ritueel en magiese formules word. En die gewone lewe gaan sy eie gang, op groot afstand van die gebed, op groot afstand van God.

Dan lyk dit of die Christen elke dag dieselfde is, asof hy geen enkele geestelike groei deurmaak nie, en asof hy steeds maar dieselfde standaard nood en behoeftes het. Dan word daar geen noue verbinding gelê tussen jou gewone alledaagse lewe en die Here God nie. Dit het twee wêrelde geword. *En dit is die kern van die verwereldliking (sekularisasie): dat God en ons gewone lewe van mekaar geskei is en geen verbinding meer het nie.* Dieselfde geld trouens nog breër. Dit geld byvoorbeeld ook vir ons invulling van die Skriflesing by die huis en van ons preke en gebede in die kerk. *As die gewone lewe nie in ons 'godsdienst', in ons omgang met die Here, voorkom nie, kom God nie in ons gewone lewe voor nie. Daar ontstaan heel subtiel 'n stille vervreemding. Kortom, 'wêreld-vreemde' gebede gee aanleiding vir 'n 'God-lose' leefwêreld.*

Dit is wat dit inhoud om na die HERE te gaan vir sy guns: ons gaan op grond van die HERE, omrede die HERE Self.

- JH Velema